

**Die laaste skildery waaraan Adriaan Boshoff gewerk het voordat hy vroeër vanjaar oorlede is. Dit word saam met die grootste private versameling van sy werke tot einde Desember in 'n boetiekhotel net buite Pretoria uitgestal.** Foto: LISA HNATOWICZ

# Laaste skildery van Boshoff saam met ander uitgestal

RAPPORT – 24 NOVEMBER 2007

**MARTHINUS KOEKEMOER**
Pretoria

Adriaan Boshoff is vroeër vanjaar oorlede, maar hy leef voort in sy skilderye. Die grootste private versameling van sy werke word tot einde Desember in die Orient-boetiekhotel net buite Pretoria uitgestal.

In baie kunskringe word Boshoff beskou as een van die beste impressioniste wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Maar eerder as om aandag na te jaag, het hy die stilte van sy eie ateljee verkies.

In sy soeke daarna om perfek te skilder het Boshoff verskeie sketse gemaak voordat hy 'n skildery aangepak het.

Verder was hy altyd op soek na iets nuuts, en sy dogter, Louise, vertel hoe hy van dorp na dorp gereis het om daardie nuwe "iets" te probeer vind.

Volgens kenners was Boshoff eg Suid-Afrikaans en van sy bekendste skilderye is van die landskappe van die land. Hy vang dít vas waarna Suid-Afrikaners verlang wanneer hulle oorsee is.

Sy groot skilderye getuig van sy begrip van kleur en balans met 'n oog vir daardie kort oomblikke waarvoor impressioniste bekend is.

Bel die Orient by ☎ 012-371-1190 of besoek www.the-orient.net vir meer inligting en om 'n besoek te reël.